**REDAKSIONEEL**

# TERUGBLIK OP DIE JONGSTE GES

OP versoek van die GTV Pretoria is probeer om 'n teologiese blik op die jongste GES te gee. Uiteraard sou byna elke aspek van so 'n byeenkoms en struktuur teologies voorgestel en waardeer kon word. Die GTV Pretoria het reeds besluit om agtereenvolgens oorsigte oor die gelewerde referate te behandel. Hier word dus uiteraard slegs 'n heel persoonlike visie op die sinode self gegee.

## Die behoefte by die GKSA

Die gedagte aan 'n vorm van ekumeniese verband tussen Gereformeerdes d.m.v. deputate uit Nasionale Sinodes het reeds in die laaste kwart van die vorige eeu in 'n Sinode van die GKSA na vore gekom. Die gedagte het meer aktueel geword toe dr. H. H. Kuyper uit die GKN in 1924 die Sinode op Rustenburg bygewoon het. Die inisiatief vanuit die GKSA moet seker, afgesien van positiewe elemente, ook nog beskou word in die sin van 'n kinderlike verlange na gemeenskap met die „moeder" in Nederland. Gedurende die tyd was die GKSA op kulturele en teologiese gebied teenoor die GKN ingestel soos 'n kind teenoor 'n moeder — met hierdie verskil dat die moeder toe reeds meen ek, laat blyk het dat sy meer pligmatig as emosioneel in die verhouding betrokke was.

Die GKSA het die Sinode van Arnhem (GKN) reeds 1930 versoek dat 'n „Wêreldsinode" saamgeroep moes word. Eers 1939 het die GKN te Sneek positief begin reageer. Na die oorlog het die CRC die saak beklemtoon en aangeroer.[1]

Onmiddellik na die Tweede Wêreldoorlog het die beeld van verhoudinge drasties verander. In 1946 het afgevaardigdes van die GKN, CRC en GKSA in 'n voorbereidende ekumeniese sinode te Grand Rapids saamgekom. Die posisie was toe heelwat anders as voor 1939.

## Die Gereformeerde Kerken van Nederland

Die GKN het ondertussen veral d.m.v. die fakulteit teologie aan die VU stewige bande met die NGKSA geknoop en vrae het begin opkom oor die bestaansreg van die GKSA. Tegelykertyd was die GKN ernstig gewond deur die skeuring van 1944 alwaar verskille oor die teologiese vertolking van die grond van die kinderdoop en opvolgende sinodokratiese kerktug gelei het tot 'n „vrymaking" waarin die GKN 'n groot deel van sy „behoudende" mense verloor het. Die oomblik waarop die GES gestruktureer word, val dus saam met 'n moment waarop nie meer kontak met alle Gereformeerdes daargestel kon word nie en waarop die GKN selfs struikelblok vir meerdere eenheid word.

Tegelykertyd veroorsaak die innerlike krisis en skeuring 'n gevoel van swakheid by die GKN sodat nuwe sterkte gesoek word en wel geleidelik langs die volgende lyne: (1) 'n Aanpak van die

GES as 'n beraad en verbintenis met ander Gereformeerde gesindte, sonder dat dit werklik kerkverband t.o.v. die regering in die kerk inhou; (2) 'n herskryf van die innerlike kerklike struktuur in 'n „hersiene" KO om dekking vir die praktiese optrede en behoeftes uit die krisisjare te kry; (3) 'n poging om die gereformeerde religie weer geloofwaardig te maak en vertroue in die GKN te herstel deur aan te pas by wat as tendense en behoeftes van die na-oorlogse mense en veral die „moderne jeug" gelees is; (4) 'n groeiende behoefte gestimuleer uit die sendingorganisasies om wyer wêreldkontakte te kry in kompensasie vir die verlies van die betrokkenheid by sending en kerk in die gedekoloniseerde Nederl. Oos-Indië. Die sendingkringe in die GKN rig hulle gevolglik op die WRK. Die geskiedenis van die GKN gedurende die periode 1950—1976 word gekenmerk met 'n herstrukturering van die kerklike opset in 'n Nuwe Kerkorde. Daarop volg 'n totaal nuwe teologie om die nuwe „gees" en behoefte te dra en nuwe identiteit uit te druk. Die nuwe „gees" dryf na die soek van nuwe verbondenhede en identifikasies. Tans beleef die GKN 'n finale identiteitskrisis rondom die konfessie: moet die konfessie vasgehou, nuut vertaal of hersien word (soos die Kerkorde?)? Moet die GKN hom waar maak deur struktureel vennoot in wêreldaktiwiteite en struktuurveranderinge te wees — of moet hy homself vermink met 'n ander skeuring deur in die Konfessie hom te probeer identifiseer?

## Die GKSA en GES

Wanneer die saak in 1949 voor die Sinode GKSA dien, blyk dat ook die „vier" NG-Kerke by die GES betrek word.[2] 'n Rapport (p. 24 v.) toon aan dat die voorbereidende sinode toegespits het op teologiese vraagpunte soos inspirasie, ewolusie, leer oor die kerk, gereformeerde getuienis en „aksie" en derdens die kerklike moeilikhede in Nederland (skeuring van 1944). Daar is gevoel dat die samekoms die „karakter" van 'n sinode dra, omdat dit 'n samekoms van „kerke" is (p. 32) wat saamkom d.m.v. wettig benoemde deputate om sekere kerklike sake op 'n kerklike wyse te behandel. Die grondslag is die Heilige Skrif en die Drie Formuliere van Eenheid as uitdrukking van die eenheid tussen die drie kerke. Die „Binding" van besluite sal afhang van die „instruksies" wat die afvaardigende „kerke aan hul deputate gegee het".

Die deputate en GKSA het in hierdie stadium *binding* beoog. Hier was duidelik al verskil oor die vraag of „kerkregering" saam met belydenis die eenheid tussen kerke vir die Sinode GKSA bepaal (p. 35). Die basis van die GES sou „reformed faith" sonder eenheid in „kerkregering" wees (p. 36). Dit is opmerklik dat toe gesê is: Alle kerke wat die gereformeerde geloof bely, moet uitgenooi word, „tensy hulle in gebreke bly om tug uit te oefen in geval van afwyking van die gereformeerde geloof" (p. 37).

Die GKSA het oorspronklik 'n werklike sinode beoog op die grondslag van eenheid in belydenis en kerkregering (p. 55). Ekumene met kerke in „enger sin" is as „vanselfsprekend" aanvaar (p. 55) en beginsel van art. 30 KO ook in die oog gehou. Die basis

van die GES is egter ruimer opgestel op die begrip korrespondensie in ruimer sin (p. 40) en ook ander Afrikaanse en SA kerke is uitgenooi (58 v.).

Interessant genoeg het oudl. A. K. Bot 'n minderheidsrapport ingedien teenoor prof. W. J. Snyman e.a. wat art. 36 KO wou uitbrei om te lees: „dieselfde seggenskap het die Klassis oor die kerkraad wat ... die Ekumeniese oor die Nasionale het". Hy argumenteer dat die oneindige differensiasie in historiese ontwikkeling, ras, nasionaliteit ens. „maak 'n institutêre verband tussen die gelowiges op aarde tot 'n onbereikbaarheid" (p. 62). Hy stel hom op teen die idee dat die GES 'n vorm van „kerkvereniging oor die hele wêreld" kan wees en sê die GES kan hoogstens „'n klein vergadering van gedeputeerdes van nasionale sinodes wees". Hy betwyfel of selfs SA werklik begeer dat so „'n klein internasionale liggaam as hoogste meerdere vergadering besluite hoort te kan neem bo dié van ons eie nasionale sinode" (p. 62). Hy verwerp die gedagte dat die GES „kerkverband" is. Die GES is hoogstens 'n „konferensie of konvent" (p. 57) omdat die Nasionale Sinodes besluite moet bekragtig. Skynbaar het hy die ekumeniese meer op praktiese en konferensiële vlak gesoek, terwyl die meerderheid meer formeel en struktureel met 'n element van idealisme beplan het.

Ek meen dat die praktyk al meer vandag die minderheidsrapport van oudl. A. K. Bot gelyk gee; dat in die oorspronklike ekumeniese sinodestrewe iets van struktuurdwang was; iets van 'n dualistiese begrip oor die eenheid van die kerk, nl. dat eenheid in die universele kerk rus en derhalwe implisiet in die plaaslike kerk gegee is — maar tegelyk ook ruimte wou laat vir die meer sekulêre, kollegialistiese imperiumbegrip, wat die vergaderinge vir kerkregering is vir die kollegialisme kerk en die eenheid van die kerk moet dus ook verwesenlik en uitgedruk word in die vergaderingstruktuur. A. Kuyper het in hierdie denke probleem gehad om die „kerk" op 'n plek (bv. Amsterdam) in meer as een kerk te laat afstig. Wie kerkeenheid in sinodes verwesenlik en kerkverdeeldheid primêr in afsonderlike kerkvergaderings (kerkrade en sinodes) soek, moet dus glo dat kerkeenheid slegs in 'n werklike ekumeniese kerkvergadering verwesenlik moet word.[3]

## Die GES wat nie is nie en tog is

Die afgelope GES is juis ook daarom vir my moeilik definieerbaar. 'n Sinode is dit nie. Tog word dit in die algemene omgangstaal „sinode" genoem en vir diegene wat meer op struktuur as op wese let, is dit 'n „sinode". Gesag het die GES nie, maar tog het die GES „gesag" wanneer sommige die GES as instrument wil gebruik vir hulle ideale van struktuurveranderinge. So was dit bv. opmerklik hoe deputate vanuit die GKN die NGKSA opgeroep en gedruk het om ooreenkomstig GES-besluite die SA Regering aan te pak oor gemengde huwelike en gemengde eredienste — maar self steur dieselfde GKN hom nie aan GES-besluite oor die WRK, Vrou in die amp, Drie Formuliere van Eenheid, Tug oor wie afwyk van die leer, ens. nie.

## Die wondbaarheid van die GES

Die GES het sy mooi gelaatstrekke — maar hy het ook in sy afgelope verskyning iets van draketande begin toon. Ek wil beweer dat die feit van GES toenemend deur die „linkse" en rewolusionêre groepe vanuit lidkerke as struktuur gebruik gaan word om die wêreldrewolusie te bevorder. Ek kan nie sê of bewys dat ledekerke al hulle afgevaardigdes doelbewus of met 'n plan kies nie. Wat ek wel weet, is dat die GKN intiem met die Christelike Instituut skakel en dat die CI hom in die afgelope week geïdentifiseer het met strewes van die ANC en PAC wat in hulle verhouding met politieke beweginge in Afrika en in hofsake in Suid-Afrika as marxisties en rewolusionêr geïdentifiseer is. Hulle opereer onder die vaandel van „bevryding" en „meerderheidsregering" en dergelike bewegings het reeds marxistiese regerings in bv. Angola en Mosambiek daargestel.

Ek kan nie beweer dat die GKN bewus was van die onluste wat met die GES sou saamval nie. Wat egter wel opgeval het, was dat die onluste in die Kaap net na die opening van die GES (dieselfde aand) begin het; dat die opening van die GES en die eerste onluste in die Kleurlinggebied Bellville-Suid was; dat dr. B. Naudé i.v.m. die onluste hom duidelik uitgespreek het; dat bv. ds. Vos uit die Sendingdeputate van die GKN ooglopend besig was met deputate van die NG Kerk-familie wat juis op daardie tydstip heelwat persverklarings die lig laat sien het. 'n Kleurlingleier het aan dr. Schrotenboer ook gesê dat hy oortuig was dat die onluste beplan was om met die GES saam te val.[4]

Uitdrukkings in die verklarings soos „strukturele geweld" het duidelik invloed uit Europese neo-marxistiese kringe getoon. Ek wil dadelik byvoeg: Die ander drie offisiële deputate van die GKN het hoegenaamd nie dieselfde belangstelling, kontakte en bedrywigheid as ds. Vos aan die dag gelê nie. Hulle bona fides staan bo verdenking.

Voeg hierby dat die aangewese dosent in sendingleer aan Kampen, Schuurman uit Argentinië, met sy opsigtelike non-konformistiese kleredrag, voor die sendingkonferensie gepleit het dat „struktuur"-sondes van die Weste deur die bril van Marx gelees moet word — dan wonder 'n mens maar of die struktuur van die GES nie toenemend doelbewus as instrument in die linkse strategie gebruik sal word nie — al is dit net d.m.v. die infiltrasie van 'n enkele deputasie en sorg dat enkele agendapunte hulle daartoe leen.

Ek sal die afgelope GES onthou om die vir my duidelike motiewe by 'n enkele buitelandse en talle Suid-Afrikaanse afgevaardigdes om die onluste te gebruik om die NG nie-blanke en blanke NG Kerke te polariseer, antagoniseer en te verwar; om die NGKSA teen die regering in beweging te probeer kry; om SA in die oë van andersins objektiewe en selfs simpatieke afgevaardigdes in die grootste verleentheid moontlik te bring en te isoleer. Kortom, en anders gesê, die struktuur van die GES leen hom ook net soos 'n buitelandse sportspan en nog meer tot 'n besondere nuttige geleentheid waar die bekende linkse strategie

van infiltrasie, beïnvloeding en kondisionering gebruik kan word in diens van die wêreldrewolusie. Het hulle dan nie al die GES te Lunteren en te Australië raakgesien en gebruik nie? Waarom sou hulle dan 'n GES in Kaapstad laat verbygaan? Hoe beplanning binnelands aanknoop by die WRK in Genève — en daarvandaan weer die verwante kringe in die GKN bereik, kan ek nie bepaal nie. Die WRK het egter verklaar dat hy hom gaan beywer vir die „just and sustainable global society" (The Argus, 16-8-76). Potter sê die WRK sal in 1979 'n wêreldkonferensie oor die „participatory society" saamroep. Die WRK is dus nou aktief betrokke by die kommunistiese „global" aspirasies.

## Die GES in sy atmosfeer van onluste

Na die sendingkonferensie en die teologiese konfensies wat reeds 'n volle week in beslag geneem het, is die GES deur dr. J. D. Vorster met 'n sterk en aktuele tydsrede geopen in die kerkgebou van die Kleurlinggemeente Bellville-Suid. Dit lyk of die opening van die GES die sein vir die onluste in die Kaapse area was. Gevolglik het die agenda ook vir die onluste oopgegaan.

Die aand na die onthaal deur die Administrateur is die Sinode selfs weer byeengeroep om 'n „verklaring" op te stel — en daarna is die GES in 'n biduur omskep, alwaar feitlik uitsluitlik NG wit sendelinge en veral Kleurlinge, en 'n enkel swart dominee gebid het voordat die moderator afgesluit het.[5]

Die voorsitter, die moderamen en die afgevaardigdes het hulle waardig en broederlik gedra. Daar was miskien meer begrip by sommige Amerikaners, Iere en Skotte as wat 'n mens sou vermoed, miskien omdat die Amerikaners Sydney in 1972 onthou het, wat onder die skadu van Vietnam vergader het. Die onpartydige dr. P. Schrotenboer sê die stemming van die GES was deurgaans gespanne maar kalm.[6]

Ds. D. Botha, moderator van die NGSK, het in sy openingswoord na die onluste in Soweto verwys en gevra of die GES nie juis in so 'n oproerige tyd in SA moes vergader om te help om „versoening" in SA te bewerkstellig nie. Dr. J. D. Vorster het in die offisiële rede benadruk dat die kerk nie primêr bevryder van mense uit honger, slawerny of politieke onderdrukking is nie — anders sou Christus 'n bende vir vryheid teen Rome gelei het en nie na Golgota gegaan het nie. Hy sou dan sy dissipels in 'n doodworsteling gelei het i.p.v. om self aan die kruis te sterf. Die kerk moet die wapen van die Woord en Gees teen die magte van duisternis hanteer.[7]

Die onluste het daartoe gelei dat die Interim-Komitee na die sinode met die Eerste Minister saamgespreek het. Die RES NEWS EXCHANGE het die berigte dwarsdeur die wêreld gedra: Ds. E. Buti wat sê die wit kerke wil nie na die swartes luister nie — aan die ander kant die Eerste Minister wat in 'n samespreking van twee uur gesê het dat sy deure altyd vir kerklike deputasies oopstaan, maar dat kerke selde direk na hom toe kom. Hulle maak hulle verklarings met die oog op die pers sonder dat hulle met hom

gepraat het. S. Buti sou die „frustrasies" van stedelike Bantoe uitgedruk het en mnr. Vorster sou gewys het op die positiewe wat vir swartes gedoen word, maar nooit waardeer word nie. Skynbaar sal di. S. Buti en P. E. S. Smith trag om verder kontak met die Eerste Minister op te neem.

## Die proloog tot die GES

Die GES is voorafgegaan deur 'n sendingkonferensie en 'n teologiese konferensie. Na my mening is die „ekumenisme" in hierdie vorm van saamwees op sy beste en in hoogste rat. Elke referaat word bespreek. Daarna gaan dit na klein besprekingsgroepe en die groepe kom weer terug om in hoofsaak hulle kommentaar in die volle vergadering te gee.

Een kerk uit Indonesië, Javanese Christian Churches van Cereja, het vanweë die SA beleid weggebly „as a token of solidarity with those who due to their race and skin's colour have to lose their freedom and suffer from discrimination".[8]

## Die agenda

Die verslag van die Interim Komitee oor die ontmoeting van die sekretaris en voorsitter (P. Schrotenboer en K. Runia) met mense van die WRK het aandag getrek. Veral die Ierse, Skotse en Orthodox Presbiterian (VSA) deputate was onthuts. Hulle is bedug dat 'n vorm van versoening tussen die GES en WRK gesoek sal word. Hierdie soort „dialoog" wat die „goal" van „organic union" verruil vir „reconciled diversity" mag ligtelik die materie van die WRK op subtiele wyse na die GES deurvoer. Dr. K. S. van Wyk de Vries het in Kommissie VII groot waardering (veral uit kringe van die OPC) ontvang vir sy kritiese bespreking van *The nature of the church and the role of theology. Papers from a consultation between the World Council of Churches and the RES, Geneva 1975.* Die publikasie bevat ook WRK-standpunte wat nou by wyse van „verslag" aan al die GES-deputate vrygestel word.

Ek meen dat onrus oor die verhouding van die GES tot die WRK die grootste enkele oorsaak was dat vir die eerste keer geen Europeër (en by name nie weer K. Runia nie) op die Moderamen en Interim Komitee van die GES gekies is nie. Die GES het die mandaat vir samesprekings met die WRK verleng, maar op aandrang van die OPC ook probeer beperk by 'n doelbewuste getuienis kragtens die gereformeerde geloof, soos die konstitusie dit bewoord.

Die Sinode het voor twee opvattings oor die Sondag te staan gekom. Aan die een kant geld in Anglo-Saksiese kringe die Westminister Konfessie. Daarvolgens word sabbat en Sondag feitlik vereenselwig. Aan die ander kant maak 'n minderheidsrapport, hoofsaaklik van teoloë uit Nederland (GKN en CGK), verskil tussen sabbat en Sondag. Sabbat rus op die skepping en Exodus. Die NT rusdag ontvang sy karakter van die opstanding van Christus en die vergadering van die gelowiges en gemeenskapsoefening met Christus. Derhalwe word geen verband tussen Sondag en die vierde gebod

gesien nie. Die Sondagsrus is dus goddelike gawe. Tyd aan God gegee, is om jouself te gee.

Die twee rapporte, met 'n magdom gegewens, argumente uit die Skrif en simbole, is waardevol en die GES het besluit om dit by die twee opvattings te laat.

Daar bestaan dus duidelik twee opvattings in gereformeerde kringe, 'n verskeidenheid in die eenheid wat gerespekteer moet word.

In verskillende gereformeerde kringe bestaan toenemend probleme rondom die charismatiese beweginge. So het die OPC probleme ondervind met sendeling A. S. Kress. 'n Studierapport oor die doop met die Heilige Gees stel die tradisionele gereformeerde standpunt baie duidelik. Daarbenewens het die GES 'n dag afgesonder om die Skrifgetuienis oor die Heilige Gees te bespreek. Dr. J. Gaffin van die OPC het 'n besonder insiggewende referaat met oorvloedige Skrifgetuienis gelewer. Daar is ook interessante voordragte gelewer oor die Heilige Gees en kultuur. In Kommissie sewe het veral die verteenwoordigers uit die jong kerke van Afrika afgevaardigdes van Europa en Amerika oë laat rek met hulle behoefte aan 'n liturgie en kerklike erediens wat meer verband hou met die karakter van die mense. Die GTV kan gerus ook hierdie aangeleentheid onder oë sien en miskien daaroor leiding ten dienste van die jong kerke en teoloë probeer gee.

Die situasie op leerstellige gebied in die GKN is deur die Sinode van die Reformed Churches of New Zealand op die agenda geplaas. Hierdie kerke handhaaf reeds 'n sterk gekwalifiseerde vorm van korrespondensie teenoor die GKN en het die GES daarvan kennis gegee. Die GKN het hulle bekende verweer gestel: Ons is daarmee besig; ons het 'n nuwe vorm van tug ontwerp om 'n kerkskeuring te vermy, nl. justitiële tug i.p.v. judisiële tug. In hierdie verband is 'n referaat van dr. A. B. Weijland onder afgevaardigdes versprei.

In die aanvullende agenda het die GKN op aandrang van die vorige GES hulle lidmaatskap by die WRK probeer verdedig. Afgevaardigdes van die kleiner kerke OPC, Iere, Skotte e.a. wou op sterkte van die konstitusie die GKN finaal tot orde roep. Die Kommissie het met 'n meerderheidsrapport gekom waarin die lidmaatskap van die GKN by die WRK as „onbestaanbaar" met die lidmaatskap by die GES gestel is. Die Nederlanders het wal gegooi en gedreig dat as dit puntjie by paaltjie kom, die GKN en hulle „dogter"-kerke in Indonesië met die GES sou breek ten gunste van die WRK.

Die Sinode het getrag om op 'n middeweg te beweeg deur die begrip „inconsistent" te omskryf sodat dit nie onmiddellike onversoenbaarheid inhou tussen die GES en kerke wat reeds binne die WRK is nie. Die Interimkomitee sal ondertussen praat met die kerke (GKN en Indonesië) en in 1980 rapporteer.

Dit was verontrustend om van 'n afgevaardigde van die GKN te hoor dat teen 1976 reeds meer GES-kerke by die WRK mag aangesluit het. Ek meen dat hy ook na NG „dogterkerke" verwys het. Dit is 'n pynlike trek van die huidige kerkpolitiek dat die

GKN (met die WRK agter hom) tans as „moeder" (om nie te sê „vader" nie!), van die jong NG Kerke poseer — jong kerke wat gebore en gedra is deur die gebede, liefde, offers en sente van NG mense. Die boere praat van 'n konkelooi — maar hierdie gekonkel om die NG Kerk te isoleer, doen seer aan. Die GES het nog verder met die GKN gegaan.

„The Reformed Churches in the Netherlands were even more directly involved in the discussion regarding the theological development taking place in their circles. Regarding these developments an advisory committee proposed that Synod declare that the theological stance of the RCN is inconsistent with the Constitution of the RES and that the RCN in fact fails to maintain the profession of the Reformed faith according to the Basis of the Reformed Ecumenical Synod.

In the debate, Dr P. G. Kunst, speaking on behalf of the RCN delegation, said, "We declare that the GKN is faithfully exercising church discipline in the case of Prof. Kuitert and in the case of Dr Wiersinga". After tense debate on the recommendations that would in effect have ruled that the RCN no longer meets the test of RES membership, a substitute proposal was submitted and adopted. The five-point motion follows.

1) That Synod, grateful for the many invaluable contributions of the GKN to Reformed theology, deeply regrets certain theological developments within this church.
2) That Synod, having been told by the GKN delegates that "the GKN are faithfully exercising church discipline in the case of Prof. Kuitert and in the case of Dr Wiersinga" urge the GKN to pursue this process of discipline with all due haste and assures the GKN of the great concern, support and fervent prays of the RES.
3) That Synod, being aware of the particular problems that confront the GKN in its efforts to exercise proper discipline over theologians and office-bearers who deviate from Scripture and the confessions, clearly states that, if these problems should be awarded a higher priority than the duty of the church to protect the people of God from apostasy, the result can only be that the GKN will lose the marks of the true church; and therefore remind the GKN that a policy that permits unbiblical teaching and practice in the church is in violation of Article V, 1, b, of the Constitution of the RES.
4) That Synod respectfully request the GKN to keep the Interim Committee informed of the progress in these matters and ask the Interim Committee to include these issues in connection with its consultations between respresentatives of the GKN and the Interim Committee.
5) That Synod request all churches in the RES to pray that they and all our other churches remain faithful to Scripture and to profess and maintain the Reformed Confessions."

## Die samestelling van die GES

Die GKN is naas die NGKSA in volume die grootste lid. Daarna volg die CRC en eers daarna die GKSA en CGK omtrent ewe groot. Die GES bestaan tans uit 'n groot aantal „swart" kerke uit die Derde Wêreld, wat feitlik nie betrokke is by die teologiese en konfessionele punte in geding nie, omdat hulle nie daarop ingaan nie. Indien dus sterk druk op die GKN uitgeoefen word, sal dit lei tot 'n breuk waarin moontlik die GKSA, CGK, die OPC en 'n aantal kleiner Skotse, Ierse e.a. kerke geïsoleer word. Dit is twyfelagtig of die NGKSA en CRC sal meedoen. Dit sal die GES inhoudelik verswak soos die „vrymaking" van 1944 die GKN verswak het en dus eintlik neerkom op 'n oorwinning vir die WRK-party binne die GKN, omdat hulle as die „sterkes" van die GES sal oorbly. Die CRC van die VSA simpatiseer inhoudelik by die konfessioneles, maar sal waarskynlik om pragmatiese redes nie die saak op die spits dryf nie.

## Die GES en diakonale betrokkenheid in die „wêreld"

Die Reformed Church of Australia het voorgestel dat die GES sy eie Buro vir diakonale hulpbetoon teenoor dié van die WRK (waaraan die GKN meedoen) oprig. Vanuit die CRC en OPC van die VSA het sterk prinsipiële leiding gekom wat ernstig beswaar maak teen finansiële (materiële) hulp wat nie onlosmaaklik aan evangelieverkondiging verbonde is nie. Die mens is 'n eenheid van siel en liggaam en diakonale hulp moet die eenheid eerbiedig. In die lig hiervan is die voorstel van 'n finansiële GES Hulpburo afgewys en kerke aangeraai om bestaande aksies (bv. van die CRC) te steun as hulle nie self werk nie. Nietemin sal die sake soos verskil tussen ryk en arm, „world relief" en „world involvement" met onderskeiding hanteer moet word.

## Slotsom

Die kontak tussen persone en identiteite tydens die GES is baie waardevol. Een van ons deputate het tereg gesê dat mens so bv. die „OPC ontdek" het. Daarbenewens het die Gereformeerde standpunt oor gemengde huwelike en gemengde eredienste ook duideliker oorgekom as bv. dié wat deur afgevaardigdes van die NGKSA gestel is. As teologiese konvent of beraad is so 'n ekumeniese ontmoeting van groot betekenis.

Nogtans is die GES geen Sinode nie en kan en moet dit ook nooit wees nie. Hoe meer die GES daartoe gedruk word, hoe groter die gevaar tot opsplitsing sal word. Aan die ander kant sou so 'n ekumeniese beraad ook slegs sinvol kan verloop wanneer die eenheid in die Gereformeerde geloof bo alle twyfel vasstaan. Dit is juis die reëele belewenis van eenheid in geloofsoortuiging wat 'n basis vorm vir vrugbare teologiese en kerklike diskussie. Aan die ander kant het ook juis toe verskil in geloofsoortuiging na vore gekom, soos met die vrae aan die GKN oor hulle verbintenis met die WRK en hulle gebrek aan leertug, spanning, verwarring en

selfs dreigemente oor die voortbestaan van die GES het om die deur kom loer.

Die GES sal ook met alle mag moet probeer om nabygesinde gereformeerde kerke met 'n sterk teologiese erfenis in die GES te konsolideer bv. die Ned. Herv. Kerk van Afrika, Die Geref. Bond en die Nederl. Herv. Kerk, die Vrygemaakte Geref. Kerke, die Reformed Presbyterian Church in die RSA en andere. Indien die naam „sinode" 'n struikelblok en te nou verbondenheid aandui en ook nie met die werklikheid korrespondeer nie, kan ons liewer praat van 'n Geref. Ekum. Beraad. B. S.

---

1 GKSA Sin. Acta 1945, p. 176 e.v.

2 Ibid., 1949, p. 63.

3 Daar is iets onlogies in gereformeerde besinning oor die wese en eenheid van die kerk. Enersyds word die eenheid apriories in Christus en die universele kerk vasgelê en wat in die plaaslike kerk gekonkretiseer word. Dan word dit iewers ex magina weer voorgetower as 'n ideaal wat die plaaslike kerk op sterkte van Joh. 17 : 21 apostereories moet verwesenlik. Enersyds word dit dus bely dat dit *eenheid is* — andersyds word gesê dat dit *nie* is nie. Enersyds word gesê kerkvergaderinge vir kerkregering is nie kerke nie, maar noodsaaklik omdat kerke een is. Hulle moet mekaar help. — Andersyds word weer met „sinodes" geopereer asof dit die eenheid van die kerk verwesenlik en derhalwe die een kerk van die Skrif, die universele kerk is. Die eenheid van die kerk en universele kerk word so geïdentifiseer met strukture vir kerkregering.

4 RES NE, Vol. XIII, Nr. 9, 7-9-76, p. 1198.

5 Oor die verklaring en mosies, vgl. *Die Kerkblad*, 15-9-76, prof. J. L. Helberg.

6 RES NE, t.a.p.

7 Vgl. DRC African News, Vol. I, nr. 7.

8 Hadi Purnomo, Actuaris 9-5-76 aan RES.